
# REISVERSLAG

## ‘N BESOEK AAN MAPUNGUBWE NP, DIE TULI BLOK, KUKONJE EN KUBU EILANDE WAT GELEË IS AAN WEERSKANTE VAN SUA PAN IN BOTSWANA (Augustus 2011)



**PERIODE :** 12 Augustus tot 21 Augustus 2011

**PLEKKE BESOEK :**
Mapungubwe Nationale Park, Pontdrif, Thuli Blok (Salomo se muur, Molema Boskamp, Stevensford (Wild Reservaat), Kukonje Eiland, Kubu Eiland (Sua Pan) en Khama Rhino Lodge.

**OPGESTEL DEUR:** J.E. Aspinall
(06-03-2014)

*Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.*

# 1. INLEIDING

## 1.1 Wie het gery :

Hierdie was 'n vinnige wegbreek net vir my en Hermien van ons daaglikse verantwoordelikhede.


## 1.2 Waarmee het ons gery :

Ons het met ons goed toegeruste 2008 Toyota Hilux Raider 3.0 D-4D dubbelkajuit 4x4 diesel bakkie die pad gevat Noorde toe.

## 1.3 Oogmerk met hierdie reis :

Om 'n deel van Suid Afrika en Botswana te besoek wat ons lankal op ons lysie van uitstaande besoekpunte gehad het maar nog net nie die geleentheid gehad om te besoek nie, naamlik Mapungubwe NP in die Limpopo Provinsie asook die Tuli Blok en Kukonje eiland aan die ooste kant van Sua Pan in Botswana. Almal weet van Kubu eiland maar bitter min mense het al Kukonje eiland aan die oostekant van die pan besoek. Ek skryf dit grotendeels toe aan die baie verhale waar besoekers vir dae vas gesit het op pad na die eiland veral in die reën seisoen of in die daarop volgende maande.

## 1.4 Die roete van ons reis :




Die totale afstand afgelê was 2415km.

**1.5 Grens formaliteite :**

Na ons besoek aan Mapungubwe NP is ons oor die grens na Botswana. Ons wou graag by Ponddrif deurgaan maar vanweë die Limpoporivier se wattervlak moes ons maar met 'n draai die grens by Platjan grenspos oorsteek. Die grens formaliteite het saam aan beide kante nie meer as 20 minute geneem nie. Ons het die nodige padbelasting van 170 Pula betaal en die pad gevat noorde toe.

**1.6 Hoogtepunte :**

(a.) Die pragtige kremetartbome in Mapungubwe NP en die talle olifante in die park.

(b.) Die wildbesigtigingsskerm by Maloutswa Pan aan die westekant van Mapungubwe NP. Jy kan heeldag net hier sit en die diere dophou soos hul kom en gaan om water te drink.

(c.) Die ongelooflike verskeidenheid van voëls in hierdie deel van die wêreld. Jammer, ek weet daar is te veel voël fotos in hierdie verslag maar ek moes dit net met ander ook deel.

(d.) Ons besoek aan die pragtige en besonderse Kukonje eiland waar ons die enigste persone op die eiland was vir die tyd wat ons daar was.

**1.7 Laagtepunte :**

(a.) Dat ons nie nog 'n dag kon oorbly in die Tulli Blok nie. Ons het ons verblyf by Molema Boskamp baie geniet en die geriewe was puik veral as jy daaraan dink dat dit 'n gemeenskaps projek is. Ongelukkig het ons vaste besprekings by Stevensford Wild Reservaat gehad vir die volgende dag.

(b.) Stevensford Wild Reservaat was vir ons 'n teleurstelling. Hier was bittermin diere te sien en die kampgeriewe was nie werklik op standaard nie. Ons sou aanvanklk twee dae hier oorbly maar het na een dag besluit om eerder maar die pad te vat verder noord.

(c.) Die afsterwe van ons geliefde kremetart reus "The Fat Lady" waaronder ons in 2008 so lekker saam met familie gekuier het. Hierdie reus het eenvoudig net siek geword in binne 'n paar maande omgeval en tot niet gegaan.



**Dag 1, Vrydag 12 Augustus 2011, Van Pretoria tot Mapungubwe Nasionale Park** via die N1 tot by Pietersburg (Polokwane), die R541 na Alldays en daarna via die R572 na die park se hek. (Afstand: 481km + 23km binne die park).

Ons vertrek so ongeveer 8h15 uit Pretoria en ry noord op die N1 deur die talle tolhekke. Tussen Potgietersrus (Mokopane) en Pietersburg (Polokwane) aan die regterkant van die pad kry jy hierdie skokkende toneel teen Ysterberg. Elke kruis verteenwoordig 'n persoon wat gedurende die afgelope vyf en twintig jaar in plaasaanvalle vermoor is. Daar is meer as 2000 kruise reeds geplant teen hierdie koppie in die vorm van 'n kruis sowel as teen die randjies aan weerskante van die kruis. Dit bring 'n diep hartseer as jy dink dat ons reeds die afgelope 18 jaar 'n tenvolle demokratiese land is, die "struggle" is reeds meer as 20 jaar verby. Suid Afrika is so 'n pragtige land met soveel potensiaal, waarom vind hierdie grusame en barbaarse moord dan nog steeds plaas? Ons ry in stilte verder.






**Die rooi kruise aan die bokant van die groot wit kruis verteenwoordig gesinne wat in een aanval uitgewis is.**
**(Die rooi kruise is nie so duidelik sigbaar op die foto self nie.)**

By Pietersburg draai ons af op die R541 na Alldays, waar 'n groot wildveiling die Vrydag aan die gang was. Soos tipies op 'n klein plattelandse dorpie gaan die veiling gepaard met die nodige pannekoek , worsbroodjies, braaivleis asook die nodige om te drink. Die manne met die groot geld het natuurlik sommer met hul helikopters gekom. Self het ek die proses gade geslaan met my hande in my sak net om seker te maak niemand dink ek is besig om te bie as ek na iets sou wys nie. Enige transaksie hier sal die gewone man soos ek, onmiddelik finansiel op sy knieë dwing.

Ons draai weer hier af op die R572 na Mapungubwe en Messina (Musina) en ons ry Mapungubwe Nationale Park se hoofhek so teen 13h30 binne.






Die ontvangs by Mapungubwe Nasionale Park



Mapungubwe het sy eie besondere natuurskoon en al sien jy geen diere tydens jou besoek nie sal die natuur op sy eie jou bekoor. Die eerste ding wat jou tref is die baie kremetartbome in die park.









Hierdie klip staligmite lyk net soos versteende miershope.




Obelix se “menhir”



Die wortels van baie van die bome hier is om van huis toe te skryf








Maar die diere hier stel ook nie teleur nie. Hierdie groot olifant koei vang haar middag slapie deur haar self teen ‘n boomstam te stut.







Omdat ons die volgende oggend vroeg die toer na Mapungubwe koppie wou meemaak (die toer begin 7h00 by die hoofhek) moes ons in die ooste kant van die park oornag. Die enigste slaapplek in hierdie deel van die park is die chalets by Leokwe Ruskamp. Die kamp terrein is baie netjies so ook die chalets.  Die enigste alternatief is die Vhembe Wilderniskamp.



**Leokwe Ruskamp, twee rondaweltjies verteenwoordig een eenheid. Die een rondawel is die slaapkamer met badkamer en die ander die leefruimte en kombuisie. Die afwerking binne was pragtig. (Foto met erkenning vanaf SANPARKE se webblad, http://www.sanparks.org/parks/mapungubwe/all.php .)**

Die kamp het ook vanweë die somer hitte 'n baie lekker swembad gebou tussen die rotse. As dit baie droog is kom die olifante ook soms hier water drink.





Die inligtingsentrum en kleedkamers by die samevloeings punt. Net agter die sentrum is daar 'n kort staproete na 'n uitkykpunt suid wat jou 'n mooi blik oor die park gee.



Die middag het ons na die samevloeings uitkykpunt gery waar die Shashe rivier in die Limpopo rivier vloei. Hier is vier baie netjiese dekke waar jy die riviere en ook laat middag die pragtige sonsondergang kan sit en gade slaan.




Die Limpopo vorm hier die grens tussen Suid Afrika, Botswana en Zimbabwe. En die Shashe rivier die grens tussen Botswana en Zimbabwe. Die deel aan die oorkant van die rivier hier in sig is Zimbabwe.






Ons eerste sonsondergang in Mapugubwe NP. “Stunning !!!”




**Dag 2, Saterdag 13 Augustus 2011, Mapungubwe Nasionale Park (Oostelike gedeelte)** – Besoek aan Mapungubwe Koppie.  (Afstand :  43.1km)

Dag 2 en 3 het ons die oostelike deel van Mapungubwe plat gery en elke oomblik daarvan geniet.



Vroeg die oggend oppad na die ontmoetingsplek vir die Mapungubwe Koppie en Verlore stad toer sien ons hierdie vier kameelperde.



Die koppie in die middel van die foto is Mapungubwe Koppie. Die lig was nog effens duinserig so vroeg in die oggend.

Toegang tot die bergvesting is deur ‘n nou skeur net langsaan die wildevy teen die krans reg voor.





Ons gits vir die toer by die trappies wat toegang tot Mapungubwe Koppie verleen. Vir meer inligting oor die toer besoek gerus http://www.sanparks.co.za/parks/mapungubwe/all.php




Bo op die koppie waar verskeie koninglike grafte gevind was.





Uitsig vanaf die bergvesting oor die vallei van kremetartbome. Wat 'n ongelooflike gesig.



Aan die voet van die koppie kan jy na die argilogiese uitgrawings gaan kyk. Die verskillende grond lae bevat onderandere diere bene en baie ou potskerwe soos op die onderste fotos sigbaar.





Op 31 Desember 1932 het E.S.J. van Graan sy seun en drie vriende met behulp van 'n gids genaamd Mowena op die plaas Greefswald die Mapungubwe Koppie bestyg en mure van gepakte klip gevind. By nadere ondersoek het hierdie groepie items gevind wat van goud en yster gemaak was. Die Universiteit van Pretoria was van die ontdekking ingelig waarna 'n span argeoloë met opgrawings hier begin het.

Die items wat tydens hierdie opgrawings ontdek was is tans in die Mapungubwe Museum van die Universiteit van Pretoria te sien. Die bekendste item is natuurlik die beeldjie van 'n renoster gemaak uit dun goud plaat (sien foto hieronder). Verskeie items van goud was gevind en die totale gewig van die goud was 7503 onse. Daar was ook groot hoeveelheid glas krale en heel erde potte met unieke patrone daarop gevind. Die fotos op hierdie bladsy is afkomstig van die Universteit van Pretoria, Scott Ramsay en ander bronne waarvan die webadresse hieronder aangegee word. Lees dit gerus om meer te wete te kom.

















Die Mapungubwe Museum van die Universiteit van Pretoria is in die Ou Kunste Gebou op die kampus geleë en is weekliks oop van 10h00 tot 16h00 of per afspraak . (Tel. No.: (012) 420-3146)

http://web.up.ac.za/default.asp?ipkCategoryID=14724&subid=14724

http://web.up.ac.za/default.asp?ipkCategoryID=14727&subid=14727

http://www.yearinthewild.com/marvelous-mapungubwe/

http://www.africanworldheritagesites.org/cultural-places/traditional-cultural-landscapes/mapungubwe.html

http://whc.unesco.org/en/list/1099

http://www.southafrica.info/about/history/mapungubwe.htm#.Ux91ZvmSz9Z

http://en.wikipedia.org/wiki/Kingdom_of_Mapungubwe

http://www.sahra.org.za/sites/default/files/heritagereports/Mapungubwe%20Powerpoint%20Presentation.pdf

http://hal.archives-ouvertes.fr/docs/00/54/38/67/PDF/Raman_Database_Mapungubwe_beads_South_Africa.pdf

http://www.sanparks.co.za/parks/mapungubwe/all.php

Die Mapungubwe Iinterpretasie Sentrum wat in baie van die bronne te sien is, was nog in die aanbou toe ons die park besoek het.



Dis nou wat ek 'n rotshanger of "cliff hanger" sou noem.






Die murasies by Stropershoek “Poacher’s Corner” aan die noord-ooste kant van die park langs die Limpoporivier.





**Dag 3, Sondag 14 Augustus 2011, Mapungubwe Nasionale Park (Oostelike gedeelte) -** Leokwe Ruskamp
(Afstand: 37.8km).



Die Limpopo boomtop staproete wat eindig by 'n voëlskerm wat oor die limpoporivier uitkyk.



Bontvisvanger



Bruinkopvisvanger



Rooibekneushoringvoël

Gewone troupant





Roooibekrobbin mannetjie

Rooibekrobbin wyfie





Pylstertrooibekkie ?

Gewone blousysie








Gewone koester



Baardmannetjie



Kuifkophoutkapper



Rooikeelbyevreter

Swartoogtiptol





Kleinglansspreeu

Grootglansspreeu





Bontkwikkie



Witkruisarend paar.





Boomeekhoringtjie.

Klipspringer rammetjie






Klipspringerooitjie





**Dag 4, Maandag 15 Augustus 2011, Mapungubwe Nasionale Park (Westelike gedeelte),** Mazhou Kampterrein.
(Afstand: 47.6km).





Rooibekeend



Kleindobbertjie



Swartriethaan



Withelmlaksman





Grootlangtoon

Veereier



Bosruiter



Driebandstrandkiewiet

Driebandstrandkiewiet
Kuiken
(Kyk die lang tone.)





Bontkiewiet



Swaelstertbyevanger



Wyfie baardspeg



Rooibek kwelea



Die primate van Mapungubwe by die watergat sorg gewoonlik vir die nodige afleiding. Kan mekaar nooit uitlos nie.












**‘n Jong elandkoei oppad na die wateragat.**







Kolgans



Bospapegaai



**Vlakvark familie by Maloutswa watergat.**



Gewone duiker ooi












**Ons staanplek vir die twee nagte in die westelike deel van Mapungubwe NP.**

**Olifante vroeg die oggend net aan die ander kant van die lae heining van waar ons gekamp het.**





**Dag 5, Dinsdag 16 Augustus 2011, Mapungubwe Nasionale Park (westekant )** - Mazhou Kampterrein.
(Afstand: 21.9km).



**Bosbok ram en ooi**






Twee rooibok ramme besig om te bepaal wie het parings regte.



Steenbok rammetjie



'n Sku kudu bul





Moedersmelk bly maar die beste! ‘n Olifant se twee spene sit voor en nie agter soos ‘n mens sou verwag nie.



‘n Waterbokram en ooie by Maloutswa watergat . Jy kan hier die hele dag sit en fotos neem. Die diere kom en gaan die hele tyd en daar is selde ‘n oomblik wat daar geen diere is nie.





Kroonkiewiet

Kwêvoël





Buffelwewer



Swartkeelgeelvink wyfie



Natalse fisant



Bloureier

**Dag 6, Woensdag 17 Augustus 2011, Van Mapungubwe NP se Mazhou Kampterrein na Molema Boskamp,** via Alldays, Platjan Grenspos en Salomo se Muur.
(Afstand: 179.6km).



Die smal sement bruggie oor die Limpopo in niemandsland by Platjan grenspos.



Hierdie foto van die Limpopo rivier is stroomop vanaf die sement bruggie geneem.



Ons eerste olifante in die Tuli-blik.

Salomo se muur in die Motloutse rivierbed.





Die rivierbed bestaan uit redelike diep riviersand. Die pad kruis die rivier hier met ‘n redelike duidelike tweespoor paadjie.





**Olifante by ‘n watergat naby die pad. Die Tuli blok het geen heinings nie en die diere loop vrylik rond. Dit is soos ‘n wildtuin sonder grense. Jy mag natuurlik nie van die hoofpad afdraai op enige syroetes nie.**



Molema
BUSH CAMP
SELF-CATERING CHALETS
& CAMPSITES

**‘n Gemeenskapsprojek in samewerking met Tuli Lodge.**

**Kontak besonderhede:**

**http://www.tulitrails.com/**


**http://www.afrizim.com/Places/Botswana/Tuli-Block/Molema.asp**





Hierdie ou groot kremetartboom is regtig verdwaal op hierdie soliede sandsteen koppie.







**Molema Boskamp**. Een van die netjieste en skoonste boskampe waarin ons nog gebly het. Ons was so spyt dat ons die volgende oggend al weer moes vertrek.







Die rivierbed langs die kampplek.



**Dag 7, Donderdag 18 Augustus 2011, Molema boskamp na Stevensford wild reservaat,** via Lekkerpoet aansluiting, Bainsdrif, Zanzibar en dan met 'n grondpad na Sherwood se kant toe (Afstand: 144km + 16km in die reservaat).








**Mooi Meisiesfontein**






http://www.stevensfordgamereserve.com/index.php



Bleeksingvalk



**Rooiwangmuisvoël**

**Rooikeelbyevreter**





Spookvoël

Swarthelmlaksman





**Swartkopwielewaal**

**Geelbekneushoringvoël**






**Bloureier**


**Bosruiter**





Slanghalsvoël

Jong witborsduiker






Toe hierdie seun omdraai en vir my glimlag toe weet ek sommer, swem is vandag nie ‘n opsie nie.









Ons kampplek vir die nag. Nie iets om oor huis toe te skryf nie. Die ablusie geriewe was in ‘n swak toestand. Miskien was ons net bederf met Molema Boskamp.



**Dag 8, Vrydag 19 Augustus 2011, Stevensford Wild Reservaat na Kukonje Eiland** via Serule, die A1, Francistown, die A30, Makobelo en Mea.
(Afstand: 449km).







**Die tweespoor wat lei na die hek waar jy afdraai na Kukonje Eiland.**



**Toegangshek tot die twee spoor na Kukonje Eiland.**




**Die roete wat ons na en op die eiland gery het in pers gemerk was goeie twee spoor paaie. Die roete in groen gemerk was nie 'n goeie besluit as jy alleen op die eiland is nie, kort kort voel jy hoe die voertuig deur die harder kors trap en voertuig veg om vooruit te gaan, dit is net met momentum, afgeblaasde bande, 4x4 en 'n agterste ewenaarslot wat ons veilig om die eiland geneem het. Wees dus versigtig as jy alleen hier is.**



**Kukonje Eiland in die vêrte op die horizon.**





**As die gras ophou is dit net jy en die pan. Hou op die twee spoor al langs die heining af tot op die eiland.**



**As jy terug kyk lyk die hek nie te vêr nie maar as jy vasval kan dit oneindig vêr wees.**



**Ons het kamp opgeslaan by Boabab Kampplek No.1 onder 'n baie ou en groot kremetartboom.**



**Vir 'n dag was ek die koning van my eie eiland, en hier sit ek op my troon en wag vir 'n koppie koffie en beskuit net om van my koningin te hoor ons het geen onderdane nie, en ek sal maar self die koffie moet maak.**



Die toilet was nou nie juis baie privaat nie maar dit was skoon en in goeie werkende toestand (‘n puttoilet natuurlik).













**Een of andertyd was hier darem 'n volstruis gewees.**

**Die hoogste punt ("piek") op Kukonje eiland.**





**Ek dink nie Hermien sou Kilomanjaro kon uit klim nie maar Kukonje se "piek" het sy met gemak gemaak alhoewel hande vier voet.**
















**Dag 9, Saterdag 20 Augustus 2011, Kukonje Eiland na Kubu Eiland** via Muso en Mmatsumo en daarna van **Kubu Eiland na Khama Rhino Lodge** via Ntwetwe, Mmatshumo en Letlhakane. (Afstand: 179 km + 246 km).








**'n Ou put waar beeswagters na die reënseisoen vroeër jare water geskep het.**













Ons enigste vriende op die eiland was drie witborskraaie en twee geelbekneushoringvoëls.





Hier het twee voertuie sleg vasgesit op die pan op pad na Kukonje Eiland nadat hul besluit het om om te draai deur met ‘n wye U-draai deur die pan te probeer ry gedurende die reën seisoen of net daarna. Hierdie voertuie het so vas gesit dat hul met ‘n reuse laaigraaf uitgesleep moes word. Die laaigraaf se staalwielspore kan nog in die laaste foto van die reeks gesien word. BLY DUS ALTYD OP DIE TWEESPOOR AL LANGS DIE VEEARTSENY DRAAD AF as jy veilig anderkant wil kom. Die pan vorm ‘n droë kors bo-op wat stewig voel maar onder is die pan nog nat en val jy maklik vas as jou voertuig se wiele die kors breek. Donker dele op die pan voorspel gewoonlik net moeilikheid.









Op pad na Kubu Eiland vind jy die bekende hoodia plant wat veral gebruik word in verslankingsmiddels.






Die graf van die onbekende, hierdie baken op pad na Kubu Eiland is nie werklik 'n graf nie maar almal stop hier vir 'n foto. Jy weet natuurlik as jy hier verby ry dat jy nog op die regte pad is.





Jou eerste blik van Kubu Eiland.




Kubu Eiland se bekoring lê in sy skouspelagtige sonsondergange en sonsopkomste en natuurlik ook die reuse kremetartbome wat hier groei op 'n klipperige eiland in die middel van die wit Sua Pan. Bespied die eiland te voet en ry dan stadig daarom wanneer jy weer die volgende oggend vertrek om vir oulaas die natuurskoon te kan indrink.



Die grootste kremetartboom sien jy sommer by jou aankoms by Kubu eiland. Net agter die bakkie is daar ook ‘n ringmuur gebou van klip deur besoekers aan die eiland baie jare terug.



Lekhubu Kampplek No. 2 waar ons vir die aand sou oor bly.



Die kampgeriewe op Kubu Eiland is beperk tot ‘n puttoilet, geen stort geriewe of enige water is beskikbaar op die eiland nie. Jy moet ook sorg vir jou eie vuurmaakhout vir die aand.















Ons was so hartseer om te sien dat hierdie baie bekende en pragtige ou reuse kremetartboom, in die foto hieronder te sien, op Lekhubu Kampplek No. 1, beter beken as “The Fat Lady”, eenvoudig vroeër die jaar tydens die reënseisoen omgeval het en tot niet gegaan het. Ons was so hartseer en teleurgesteld dat ons besluit net om maar eerder aan te ry na Khama Rhino Sanctuary en daar te slaap, ten spyte daarvan dat ons reeds ons kampgelde betaal het vir die nag se kamp op Kubu eiland. Ons besoek aan Kubu eiland hierdie keer was soos om ‘n begrafnis van ‘n geliefde by te woon.



**Hier kamp ons saam met my swaar, skoonsuster en ‘n tannie van Hermien onder “The Fat Lady” in Augustus 2008**



**En dit is al wat nou te sien was tydens ons besoek in Augustus 2011 van hierdie pragtige ou kremetartboom.**

**Dag 10, Sondag 21 Augustus 2011, Khama Rhino Lodge na Pretoria** via Palapye, Martinsdrif grenspos (Botswana) / Groblersbrug grenspos (RSA), Elisras (Lephalale), Vaalwater, Nylstroom (Modimolle) en die N1
(Afstand: 21km in die reservaat en 556km huis toe).




Al ons vriende wat ons die oggend voor ons terug gery het Pretoria toe kom groet het. Daar is soveel voëls dat ek amper nie tyd gekry het om kamp op te slaan nie tussen die foto neem sessies deur nie.



Bosveldpapegaai



Witkatlagter

Pylstertkatlagte





Natalse fisant




Groot-blouoorglansspreeu





Boomeekhoring





**BO:** Ek is amper te bang om hierdie foto van 'n pragtige renoster bul te plaas van weë die geweldige stropery van renosters wat tans plaas vind in Suider Afrika. Gelukkig word hierdie renosters deur die weermag in Botswana bewaak en nie soos in Suid Afrika deur diegene wat deelneem aan die stropery nie. As dit nie vir private inisiatief en befondsing was in Suid Afrika nie dan het syfers nog erger gelyk as nou.

**REGS:** Kyk net hierdie pragtige kudu bul.



Steenbok rammetjie



Blouwildebeeste by Khama watergat en voëlskerm.



Drie jong vlakvarke by die watergat by Khama voëlskerm.

# TOER UITGAWES

REV. 01

| ITEM NR. | PLEK | UITGAWE | KOSTE PER PERSOON | TOTAAL | TOTAAL IN RAND |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Leokwe Ruskamp (Mapungubwe NP) | Slaapplek in Chalet - 3 nagte (1 slaapkamer vir 2 persone) | | | R 2,430.00 |
| 2. | Mapungubwe NP | Mapungubwe koppie toer (Die verlore stad). | R 150.00 | R 300.00 | R 300.00 |
| 3. | Mazhau Ruskamp (Mapungubwe NP) | Slaapplek sonder krag - 2 nagte (Kampering vir 2 persone) | | | R 320.00 |
| 4. | Mapungubwe NP | Bewaringsfooi per persoon per dag ( 5 dae) | R 25.00 | | R 250.00 |
| 5. | Botswana Road Tax (Grenspos by ingang) | RTP Pad Permit (voertuig gewig < 3500 kg, enkel | | BWP 70.00 | R 76.30 |
| | | grens kruising, in en uit, geldig vir 3 maande) | | - | - |
| 6. | | MVI Motor Versekering (Geldig vir 3 maande) | | BWP 50.00 | R 54.50 |
| 7. | | NRF Nasionale Pad Fonds (Geldig vir 12 maande) | | BWP 50.00 | R 54.50 |
| 8. | Molema Boskamp | Slaapplek sonder krag - 1 nag (Kampering vir 2 persone) | | - | - |
| 9. | | Selfbestuurroete heffing wat kampplek insluit per dag | | BWP 190.00 | R 207.10 |
| 10. | | Gemeenskap hekfooie per persoon (2 persone) | BWP 15.00 | BWP 30.00 | R 32.70 |
| 11. | Stevensford Wild Reservaat | Slaapplek sonder krag - 2 nagte (Kampering vir 2 persone) | BWP 100.00 | BWP 400.00 | R 480.00 |
| 12. | | 12% BTW | | BWP 48.00 | R 57.60 |
| 13. | Kukonje Eiland | Slaapplek sonder krag - 1 nag (Kampering vir 2 persone) | Gratis | | R 0.00 |
| 10. | Kubu Eiland | Slaapplek sonder krag - 1 nag (Kampering vir 2 persone) | BWP 100.00 | BWP 200.00 | R 218.00 |
| 11. | | Bed Heffing per persoon per nag (2 persone) | BWP 2.00 | BWP 4.00 | R 4.36 |
| 12. | | 12% BTW | | BWP 24.48 | R 29.38 |
| 13. | Khama Rhino Lodge | Toegangsfooi per persoon (2 persone) | BWP 41.07 | BWP 82.14 | R 89.53 |
| 14. | | Slaapplek sonder krag - 1 nag (Kampering vir 2 persone) | BWP 53.57 | BWP 107.14 | R 116.78 |
| 15. | | Voertuigheffing per dag | BWP 50.09 | BWP 50.09 | R 54.60 |
| 16. | | 12% BTW | | BWP 28.72 | R 31.30 |
| 18. | Martinsdrif (Botswana) | Brandstof (120.69 liter @ BWP 7.26/l, 500ppm) | | BWP 876.21 | R 955.07 |
| 19. | Serowe (Botswana) | Brandstof ( 107.49 liter @ BWP 7.26/l, 500ppm) | | BWP 780.38 | R 850.62 |
| 37. | Wonderboom, Pretoria | Brandstof (58.86 liter @ R9.31/l, 50ppm) | | | R 547.97 |
| | | **TOTAAL VIR HIERDIE REIS :** | | | R 7,160.31 |

Bogenoemde sluit nie die koste in van ons daaglikse verbruik van kruideniersware, snuisterye, drinkgoed in nie.

Die wisselkoers was op 10-08-2012 (ABSA): BWP 1 = R 1.09